Politokrasie en staatsoewereiniteit. 'n Vals deuntjie uit 'n antieke fluit

Andries Raath
Navorsingsgenoot
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
raatha@ufs.ac.za

Abstract

Politocracy, Dooyeweerd and the sovereignty of the state. A false tune from an ancient flute

Politocrats emphasize the need to replace state sovereignty with the ancient Greek conception of the polis*. Danie Goosen and Koos Malan, two prominent Aristotelian politocrats, highlight the need for establishing* polii *in the form of habitative communities – arguably the most fundamental concept of politocracy. These habitative communities refer to the cultural and/or local communities in which people live their daily lives. These* polis*-like communities are posited over and against the so-called "territorial state". According to Malan and Goosen state sovereignty, being the fundamental precondition for the existence of the state, should make room for political communities in order to neutralise state sovereignty. This essay accomplishes three things: firstly, in contradistinction to Malan's and Goosen's simplistic approach towards the concept of sovereignty, an historical overview is provided to elucidate the complexities of the issues pertaining to state sovereignty and to illustrate the implications of distorting the underlying principles of statehood; secondly, it is found that the Aristotelian concept of political community, Thomas Aquinas' theory of subsidiarity and Jean Bodin's*

views on absolute state sovereignty have been forged on the same anvil; thirdly, it is concluded that politocracy is merely an ancient political approach in a new guise, a revival of Aristotelian absolutism and it is in fact on par with Bodin's absolutistic concept of state sovereignty.

Key terms:

Aristotle; Bodin; politocracy; sovereignty; state; Thomas Aquinas.

Opsomming

Politokrasie beklemtoon die behoefte aan vervanging van staatsoewereiniteit met die antieke Griekse konsepsie van die polis*. Danie Goosen en Koos Malan, twee prominente Aristoteliese politokrate, beklemtoon die behoefte aan oprigting van* polii *in die vorm van tuistelike gemeenskappe – waarskynlik die mees fundamentele begrip van politokrasie. Sodanige tuistelike gemeenskappe verwys na die kulturele en/of plaaslike gemeenskappe waarin mense hul daaglikse lewe lei. Hierdie* polis*-tipe gemeenskappe word teenoor die sogenaamde "territoriale staat" gepostuleer. Volgens Goosen en Malan behoort soewereiniteit, synde die fundamentele voorvereiste vir die staat, plek te maak vir politieke gemeenskappe ten einde staatsoewereiniteit te neutraliseer. Hierdie artikel fokus op die volgende aspekte: eerstens, teenoor Goosen en Malan se simplistiese benadering tot die begrip soewereiniteit, word 'n historiese oorsig van die kompleksiteite van aangeleenthede wat met staatsoewereiniteit verband hou, gegee en op die implikasies van verwringing van die grondliggende beginsels van staatwees gewys; tweedens, blyk die Aristoteliese begrip van politieke gemeenskap, Thomas Aquinas se teorie van subsidiariteit en Jean Bodin se standpunt oor absolutistiese staatsoewereiniteit op dieselfde lees geskoei te wees; derdens, manifesteer politokrasie slegs as 'n antieke politieke benadering in 'n nuwe gedaante en 'n herlewing van Aristoteliese absolutisme en figureer dit op dieselfde vlak as Bodin se absolutistiese begrip van staatsoewereiniteit.*

Sleutelbegrippe:

Aristoteles; Bodinus; politokrasie; soewereiniteit; staat; Thomas Aquinas.

1. Inleiding

In 'n onderhoud met Pieter Duvenage, opgeneem in *Afrikaanse Filosofie* (2016) verklaar Danie Goosen: "(W)at die politieke aanbetref het ek gewoon 'n volgeling van Aristoteles, Burke en Alasdaire MacIntyre geword."[1] Dié uitspraak moet teen die agtergrond van sy geestesworstelinge om aan die "stolling van Afrikaner-nasionalisme in die 1980's" te ontsnap, beoordeel word.[2] Robert Nisbet se "wonderlike boek", *The Quest for Community*, het vir hom 'n lig laat opgaan vir sover dit aandui "hoe die moderne strukture 'n oorlog teen die gemeenskappe en hul tussenliggende instellings gevoer het".[3] Met dié uitsprake neem Goosen kritiese standpunt in teen die tradisionele liberale staats- en politieke filosofie. Politokrate se gunsteling aversie is die staatlike soewereiniteitsbegrip. In sy *Oor Gemeenskap en Plek* (2015) verwerp Goosen die staatlike soewereiniteitsbegrip as 'n uitvindsel van die post-Middeleeuse politieke filosofie[4]; volgens Goosen staan politieke gemeenskap teenoor die soewereine staat[5]; volgens hom het die Aristotelianisme ("die tradisie") nie die soewereine staat geken nie[6]; hy verkies die Aristoteliese *polis* as ideale politieke gemeenskap[7]; die *polis* is die ideale organismiese entiteit vir sover dit 'n "natuurlike orde" beliggaam[8] en in dié "politieke stad" is gesag idealiter in bepaalde persone beliggaam en nie in die strukture daarvan nie.[9]

In navolging van Goosen, het sy mede-Aristoteliaan Koos Malan in sy *Politokrasie. 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop* (2011) die aanslag teen staatsoewereiniteit

1 P. Duvenage, *Afrikaanse Filosofie. Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun MeDia, 2016, p. 240.

2 Duvenage, *Afrikaanse Filosofie*, p. 236.

3 Duvenage, *Afrikaanse Filosofie*, p. 247.

4 D. Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek. Anderkant die onbehae*. Pretoria: FAK, 2015, pp. 310 e.v.

5 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 287.

6 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 290.

7 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, pp. 289, 292.

8 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 292.

9 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 296.

voortgesit. Volgens Malan is die staat "toenemend in die gedrang", die staat se posisie as "sentrale politiek-juridiese instelling (word) toenemend betwis" en die "staat het soveel aan ekonomiese soewereiniteit ingeboet dat daar soms twyfel uitgespreek word of dit die hoofbousteen van regering sal bly".[10] Ter vervanging van die "staatlike paradigma", beklee met staatlike soewereiniteit, postuleer Malan 'n politieke orde opgebou uit talle mikro-entiteite op die basis van die Aristoteliese *polis*-orde in die antieke Griekse politieke filosofie. Malan se keuse vir die Aristoteliese *polis*-orde is grootliks geïnspireer deur die afsku vir die "liberale opvatting waarin die klem op individuele outonomie geplaas word" en die idee van "vryswewende individue" wat na bewering deur die Engelse filosoof Thomas Hobbes (1588-1679) voorgestaan is.[11] Volgens Malan was Jean Bodinus (c. 1530-1596) en Thomas Hobbes die prominentste apologete vir absolutisme - beide se filosofieë was ingebed in 'n breë Europese tendens ten gunste van absolutisme "en teen wedywerende plaaslike (nie-sentralistiese) en kerklike aansprake op politieke gesag".[12] Malan voeg by dat "(a)nders as Bodin wat hom hoofsaaklik met die klaaglike onstabiliteit van die Franse staat van sy tyd bemoei het, gee Hobbes beslag aan 'n rasioneel ontwerpte en universeel geldende teorie oor die ontstaansoorsaak en aard van die staat, asook oor die funksies van die owerheid in die staat".[13]

In 'n verskeie opsigte het Goosen en Malan se Aristoteliaanse politieke filosofie op dié van Robert Nisbet[14], Alasdaire MacIntyre[15] en Kelvin Knight[16] voortborduur, synde 'n poging om die antieke Aristoteliese staatsbegrip in die 21ste eeu verkoop te kry. Kenmerkend van dié benadering tot die politieke en regsfilosofie is die ongepresiseerde gebruik van fundamentele begrippe onderliggend tot die politieke en staatsfilosofie, die vae beskrywings van kernaspekte wat bekritiseer word en die struktuurlose woordspel wat in debatte met opponente na vore kom. Enkele voorbeelde gee 'n aanduiding van die omvang van die ongenuanseerde metodiek waarmee sleutelbelangrike begrippe en aspekte van die politieke en staatsfilosofie

10 K. Malan, *Politokrasie*. Pretoria: PULP, 2011, p. 3.

11 Malan, *Politokrasie*, pp. 75 e.v.

12 Malan, *Politokrasie*, p. 75.

13 Malan, *Politokrasie*, p. 77.

14 R.A. Nisbet, *Community and Power*. New York: Oxford University Press, 1962; *History of the Idea of Progress*. London: Heinemann, 1980.

15 A. MacIntyre, *Whose Justice? Which Rationality?* Notre Dame, Indiana: University of Notre Dame Press, 1988.

16 K. Knight, *Aristotelian Philosophy. Ethics and Politics from Aristotle to MacIntyre*. Cambridge: Polity Press, 2007.

hanteer word: by politieke Aristoteliane word onder andere geen omskrywing van staatsoewereiniteit gevind nie hoewel dié begrip heftig bestry word – soewereiniteit is die "mag" van die staat om tussenliggende instellings op te ruim en met "'n homogene (gestandaardiseerde) ruimte te vervang"[17]; dit behels die "seggenskap" wat die staatlike strukture oor "tussenliggende instellings" het[18]; dit is "staatlike standaardisering"[19]; dit is die "territoriale staat" se "homogenisering" deur die "indeling van sy eie ruimte tussen die private en die openbare domeine"[20] en, met verwysing na Thierry Baudel, behels dit dat "nationale soewereiniteit volkeren (heeft) in staat gesteld om zigzelf te besturen in overeenstemming met eigen waarden en opvattingen".[21] Dié amorfe gebruik van terminologie geld selfs tot 'n groter mate vir die gemeenskapsbegrip wat deur Aristoteliese politokrate gebesig word: gemeenskap is 'n gebeure[22]; dit is 'n begrip van die "dramatologie"[23]; dit is 'n "versmelting van horisonne"[24]; dit word deur "bemiddelende verhoudings" tot stand gebring[25]; dit is die eenheid wat die "wêreld moontlik maak"[26]; natuur en kultuur is 'n "deelnemende gemeenskap"[27]; dit is 'n handeling (oftewel "daad")[28] – die metafisiese tradisie het die "ou erotiese begeerte" om uit te reik na die "deelnemende gemeenskap met die syn"[29]; dit is 'n metafisiese konstruk: die wêreld is 'n "dramatologiese deelnemende gemeenskap"[30]. Dié voorbeelde sou vermenigvuldig kon word en dien bloot ter illustrasie van die wollerige inslag van vakterminologiese begrippe en filosofiese konsepte wat deur neo-Aristoteliane aangewend word om nuwe lewe in antieke samelewingsvorme wat reeds vir duisende jare van die politieke toneel verdwyn, het te blaas.

17 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 309.

18 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 309.

19 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 311.

20 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 305.

21 Goosen, *Oor Gemeenskap en Plek*, p. 310.

22 Goosen, *Die Nihilisme*. Dainfern: Uitgewery Praag, 2007, p. 7.

23 Goosen, *Nihilisme*, p. 21.

24 Goosen, *Nihilisme*, p. 30.

25 Goosen, *Nihilisme*, p. 31.

26 Goosen, *Nihilisme*, p. 33.

27 Goosen, *Nihilisme*, p. 34.

28 Goosen, *Nihilisme*, p. 43.

29 Goosen, *Nihilisme*, p. 70.

30 Goosen, *Nihilisme*, p. 71.

'n Kernaspek vir gesprek is die feit dat die gewaande "modernistiese" soewereiniteitsbegrip afgewys word, terwyl die Aristoteliese *polis*-soewereiniteit in die plek daarvan gestel word. As sodanig is dié poging niks nuuts nie: ten einde regsmag uit die hande van die staatsowerheid te neem, is verskeie pogings in die verlede aangewend om sodanige mag in die hande van die "volk" te plaas; dit as 'n sosiale konstruk te beskryf of as uitkoms van bepaalde (deterministiese) samelewingsprosesse te tipeer. In verskeie opsigte trap kontemporêre politokrate soos Goosen en Malan in dieselfde slagysters. 'n Deeglike oorskou van dié teoretiese miswasse kan veel daartoe bydra om méér presies met vakterminologie om te gaan, die gevare van Aristoteliese politieke soewereiniteit te snap en helderheid oor die ware filosofiese inslag van die soewereiniteitsdebat te verkry. Kortliks word aangedui wat die implikasies van die Aristoteliese beheptheid met biologistiese verwysingsraamwerke oplewer en die oplê van aprioristiese magsideologieë aan die politieke lewe in politokrasie tot gevolg het.

2. Beginsels grondliggend tot die staatsoewereiniteits-problematiek

Die begrip "staatsoewereiniteit" dien ter beskrywing van die begrensdheid van die staat as samewerkingsverband (naas ander verbande), en dat dié verband 'n beperkte eie-aard vertoon en binne aanduibare geografiese grense oor regsgesag beskik om die regsbelange tussen sigself en ander lewenskringe en individue, en individue onderling op onpersoonlike ("ampsmatige") wyse te reël. Enkele aspekte van die staatlike soewereiniteitsbegrip verdien toeligting: eerstens is die staat 'n publieke *regsverband* van owerheid en onderdane; tweedens funksioneer die staat binne 'n bepaalde *territoriaal* begrensde kultuurgebied, deur op hierdie territorium die interordelike regsgesag onder leiding van 'n publieke geregtigheidsidee te handhaaf[31], en derdens is die staatsverband nie die alleenbeskikker oor soewereiniteit nie vir sover ander samelewingsverbande oor alleenseggenskap met betrekking tot húl strukturele kompetensiegebiede beskik. Vanuit hierdie perspektief blyk dit dat die beginsels waarom dit gaan nie die "uitvindsels" van die moderne staat is nie, dat reeds die Griekse filosowe hiermee geworstel het en dat die lotgevalle van die soewereiniteitsbegrip telkens eksplisiet of implisiet met die aprioriese vooronderstellinge van 'n spesifieke ideologiese

31 Vir die fundamentele onderskeid tussen "magstaat" en "regstaat" kyk D.F.M. Strauss, *Philosophy. Discipline of the disciplines*. Grand Rapids, M.I.: Paideia Press, 2009, p. 577 e.v.

blik op die sosiale lewe verband hou. Dié insigte was reeds teenwoordig by Johannes Althusius (1557-1638), 'n toonaangewende Reformatoriesgesinde juris, wat verklaar het dat elke sosiale entiteit deur eiesoortige beginsels beheers word wat uit die besondere aard van so 'n entiteit voortvloei. Voorts het hy ingesien dat die soewereiniteitskwessie nie opgelos kan word tensy die eie-aardige struktuurbepalings van sosiale entiteite aangedui en by die kompetensieaanduidings daarvan verreken word nie.[32] Dat die kerk ook oor soewereiniteit beskik, is deur Georg Friedrich Puchta (1798-1846) beklemtoon. Volgens Puchta is die kerk 'n entiteit naas die staat, 'n verband wat uit hoofde van die andersoortige wese daarvan van die staatsverband onderskei moet word en derhalwe oor 'n ander taak en rigting as die staat beskik.[33] Die Nederlandse staatsfilosoof Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876) was die eerste om die begrip "souvereiniteit in eigen sfeer" te gebruik.[34] Die Nederlandse filosoof Herman Dooyeweerd (1894-1977) – waarskynlik die invloedrykste staats- en regsdenker van die twintigste eeu in Nederland – het op dié insigte voortgebou deur die beginsel van "soewereiniteit-in-eie-kring" tot 'n omvattende sosiologiese prinsipe uit te bou – 'n benadering wat helderheid oor en insig in die juridies-politologiese debat oor kwessies wat met staatsoewereiniteit verband hou, gebring het. Die belangrikste insigte wat uit dié blik op soewereiniteit-in-eie-kring van sosiale entiteite ontwikkel het, kan in vier stellings saamgevat word: eerstens veronderstel dit dat verskillende sosiale entiteite (byvoorbeeld die staatsverband, die kerk ensomeer) elk 'n eie aard vertoon wat deur die interne sosiale struktuur daarvan bepaal word en dat elke samelewingskring oor 'n unieke (en beperkte gesagsfeer) beskik; tweedens, dat die tipiese struktuur van 'n gegewe sosiale entiteit nie deur historiese omstandighede (soos die grille van politici) en toestande (soos droogtes en maatskaplike omwentelinge) in die menslike samelewing bepaal word nie; derdens dat die tipiese struktuur van 'n sosiale entiteit nie willekeurig volgens die giere van 'n spesifieke filosofiese rigting beknoei kan word om uitdrukking aan

32 *Politica Methodicè Digesta*. Herborn, 1614, p. 7: "Propriae leges sunt cujusque consociationis peculiares, quibus illa regitur. Atque hae in singulis speciebus consociationis aliae atque diversae sunt, prout natura cujusque postulat." Vgl. A. Rouvoet, *Reformatorische Staatsvisie*. Nunspeet: Marnix van St. Aldegonde Stichting, 1992, p. 71 en C.W. van der Pot, *Handboek van het Nederlandsch staatsrecht*. Red. A.M. Donner. Zwolle: Tjeenk Willink, 1977, p. 5, verklaar: "Pas de laatste 100 jaar is hij [Althusius] herontdekt, nl. in de periode waarin, nadat de vrijheid van de individu tegen de staat was verzekerd, de verhouding van de staat en de andere samenlevingsverbanden opnieuw aan de orde kwam."

33 G.F. Puchta, *Cursus der Institutionen*. Leipzig: A.E. Rudorff, [1841] 1856, p. 31.

34 G. Groen van Prinsterer, T*er Nagedachtenis van Stahl*. Amsterdam: H. Höveker, 1862, pp. 30-31. Vir van Prinsterer se bydrae in dié verband kyk A. Rouvoet, *Reformatorische Staatsvisie*, p. 71 e.v.

esoteriese geneigdhede te gee nie, omdat elke sosiale entiteit nie sonder verwringing van die normatiewe aard en ontologiese grondslae daarvan tot 'n onderdeel van 'n ander sosiale entiteit gedegradeer kan word nie – nie-staatlike samelewingsentiteite kan derhalwe nie (soos politokrate doen) tot "tusseninstellings" wat "onder" die politieke gemeenskap funksioneer gedegradeer word, sonder om daarmee politieke absolutisme aan te blaas en outoritêre staatsneigings te kultiveer nie, en vierdens is die mag van die staat beperk tot die regsgesag wat op die terrein van die interordelike gesagshandhawing van die staat betrekking het – elke nie-staatlike samelewingsverband beskik derhalwe oor onder andere 'n eiesoortige regsfeer wat nie tot die domein van die staatsverband behoort nie.

Ter deurgronding van die aard, ontologiese status en funksie van sosiale strukture, is die volgende onderskeidinge vir doeleindes van hierdie artikel relevant: eerstens die onderskeid tussen gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge: "Onder gemeenschapsbetrekkingen verstaan wij al die sociale relaties waarin de mensen als leden van een geheel zijn gevoegd; onder maatschapsverhoudingen daarentegen die, waarin de mensen, resp. de gemeenschappen onderling, niet tot een geheel verbonden zijn, maar gecoördineerd naast of zelfs tegenover elkander in de samenleving optreden ..."[35] Tweedens, hoewel dié gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge in korrelatiewe enkapsis vervleg is[36], behoort ter wille van normatiewe helderheid duidelik tussen dié sosiale entiteite onderskei te word. 'n Gemeenskap vertoon 'n innerlike gesagstruktuur, terwyl die lede van 'n maatskap in "losser" en eksterne verhouding gekoördineerd naas mekaar staan, sonder 'n oorkoepelende gesagstruktuur.[37] 'n Vriendekring sou as 'n maatskap getipeer kon word, terwyl die kerk en die staat beide gemeenskappe is. Derdens, is sommige gemeenskappe tipies bioties gefundeerd in organiese lewensverhoudinge, synde natuurlike gemeenskappe (soos die huwelik, gesin en familie).[38] Daarnaas word onderskei die verbande wat almal histories gefundeerd is, naamlik sosiale entiteite wat aan bepaalde

35 Dooyeweerd, *Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis*. Amsterdam: Buijten & Schpperheijn, 1962, p. 110; *A New Critique of Theoretical Thought*. Dl. 3. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1969, pp. 177-178; *De Strijd om het Souvereiniteitsbegripin de Moderne Rechts- en Staatsleer*. Amsterdam: H.J. Paris, 1950, p. 55.

36 Dooyeweerd, *Verkenningen*, pp. 104, 110.

37 *A New Critique*. Dl. 3, pp. 180-181.

38 Kyk *Verkenningen*, p. 111; *A New Critique*. Dl. 3, pp. 178-182.

historiese voorwaardes vir hul bestaan voldoen (kerk en staat is hiervan tiperende voorbeelde).[39]

Die kern is dat daar ten spyte van die wisseling (die kom en die gaan) van die lede van so 'n bestaansvorm 'n duursame identiteit en kontinuering aanwesig is.[40] Strauss verwys na A. Ryan se tiperende stelling in dié verband: "There are regularities and constancies in the behaviour of groups of people which allow us to talk about groups having a static structure in spite of fluctuating membership, and about the existence of social roles which can be filled by different people at different points in time."[41] Die samelewingsfilosofiese belang van dié insig kan vir doeleindes van die diskoers met politokrate – in die lig van die gevare van staatsrelativisme – kwalik oorbeklemtoon word. Die negering hiervan laat enersyds wesenlike ruimte vir willekeurige magskonsentrasies in die hande van wellustige heerssugtiges; andersyds vir ideologies behepte en werklikheidsvreemde utopiste wat onder aandrang van misplaaste vooruitgangsideologieë die sosiale lewe 'n skrikwekkende relativisme oplê. 'n Voorbeeld van eersgenoemde: invloedryke families wat magsgedrewe (soos die Mafia) met die gepaardgaande samelewingsgeweld klein "mikro-staatjies" oprig om hul esoteriese belange te beskerm; van laasgenoemde: vooruitgangsgeloof proklameer instellings soos die huwelik, gesin en staat as behorende tot die oude doos (Marxisties-Leninistiese ekonomiese utopisme) met die sosiale misstande wat die Kommunistiese heerskappy opgelewer het. In die Westerse politieke geskiedenis het die ideologistiese verwringing van die staatstruktuur 'n spoor van willekeurige oor- of onderbeklemtoning van die prinsipes vir staatwees in die Westerse politieke en regsdenke nagelaat – 'n erfenis waarvan vir doeleindes van hierdie diskoers kennis geneem moet word.

39 Vir 'n samevattende blik op die fundamentele onderskeiding tussen verbands- en gemeenskapsverhoudinge enersyds, en maatskapsverhoudinge andersyds, kyk D.F.M. Strauss, *Die grondbegrippe van die sosiologie as wetenskap*. Pretoria: RGN, 1988, pp. 229-232.

40 Strauss, *Die grondbegrippe van die sosiologie*, p. 229.

41 A. Ryan, *The philosophy of the social sciences*. London: Palgrave, 1980, p. 174 in Strauss, *Die grondbegrippe van die sosiologie*, p. 229.

3. Die ideologistiese verwringing van die soewereiniteitsbegrip – 'n oefening in herinnering

3.1 Die antieke wortels van die Westerse soewereiniteitsbegrip

Die probleem van staatsoewereiniteit is nie die produk van die moderne staat nie. Die antieke wortels van die soewereiniteitsleer in die Westerse staats- en politieke denke is te vinde in Aristoteles (384 v.C.-322 v.C.) se *Politica* en die klassieke Romeinse Reg. In die *Politica* word erkenning gegee aan die feit dat die hoogste gesag in die staat gesetel moet wees en dat dié gesag in die hande van 'n enkele persoon, 'n groep of die massa mag resorteer.[42] Die regslewe, volgens Aristoteles se staatsbekouing, is ondergeskik aan 'n organismiese deugdelikheidsleer: slegs diegene wat aan bepaalde (willekeurig geselekteerde) deugdelikheidskriteria beantwoord, is staatsburgers: "Since there are many forms of government there must be many varieties of citzens, and especially of citizens who are subjects; so that under some governments the mechanic and the labourer will be citizens, but not in others, as, for example, in aristocracy or the so-called government of the best ... in which honours are given according to virtue and merit; for no man can practice virtue who is living the life of a mechanic or labourer. In oligarchies the qualification for office is high, and therefore no labourer can ever be a citizen; but a mechanic may, for an actual majority of them are rich."[43] In Aristoteles se staat is die slawe in 'n besonder ongunstige posisie: "But when the number of citizens increases, first the children of male or female slaves are excluded; then those whose mothers only are citizens; and at last the right of citizenship is confined to those whose fathers and mothers are both citizens."[44]

In die Romeinse staatsfilosofie kom die soewereiniteitsbegrip die duidelikste tot uitdrukking in die bekende opvatting dat die wil van die regeerder regskrag het aangesien die *popules* al hul regte en magte aan hom oorgedra het, dat die beginsel *princeps legibus solutus est* geld[45] en dat die staat nie wederregtelik kan handel nie en bo alle skuld verhewe is: *Omnia jura habet princeps in*

42 Aristoteles, *Politica*. Vertaal deur B. Jowett, Oxford: Clarendon Press, 1921, Bk. III, hfst. 7) (1279a25-28): "The words constitution and government have the same meaning, and the government, which is the supreme authority in states, must be in the hands of one, or of a few, or of the many."

43 Aristoteles, *Politica*, Bk. III, hfst. 5 (1278a15-30).

44 Aristoteles, *Politica*, Bk. III, hfst. 5 (1278a31-33).

45 *Digesta*, 1, 3, 31. Dié spreuk is ontleen aan die kommentaar van die Romeinse juris Ulpianus op die *Lex Julia et Papia* en is in die latere Keisertyd in absolutistiese sin vertolk.

pectore suo; voorts dat die *imperator* (as *lex animata*) deur God self ingestel is.[46] Die Romeinse *Codex* het wel voorsiening gemaak vir 'n morele plig wat op die staat rus om aan die wette gebonde te wees.[47] Die opbloei van die Romeinse Reg in die twaalfde eeu en die ontdekking van die werke van Aristoteles het hernude belangstelling in die soewereiniteitsvraagstuk gewek – 'n belangstelling deur die stryd tussen kerk en staat geïnspireer.[48]

Die Romeinse Ryk, wat op die juridiese kontinuïteit van die Romeinse Staat gebaseer was, en die attribute van die vroeëre Keisers vir die bestaande regeergesag toegeëien het, het dieselfde regsorde wat die regeerder *legibus solutus* verklaar het, as grondslag van die leerstuk dat die Romeinse volk die bron van alle owerheidsgesag is, aanvaar.[49] Bygevolg het die volksoewereiniteitsidee gaandeweg normatief vir die staatsteorie geword. Onder invloed van Aristoteles het Thomas Aquinas geleer dat die opperste gesag bloot uit die volk voortkom, teenoor die Kerk wat as goddelike instelling bestaan en funksioneer. Die standpunt was dat die gesag van die Pous direk van God gegee is, terwyl dié van die Keiser deur bemiddeling van die volk uitgeoefen word.[50] Die idee van oorspronklike soewereiniteit wat in die volk setel het sedert die dertiende eeu sodanig aan invloed toegeneem dat dit die status van 'n politieke aksioma verwerf het.[51]

46 Kyk *Novellae*, 105, 2, 1, f: "Omnibus enim a nobis dictis imperatoris, ex capiatur fortuna, cui et ipsas deus leges subjecit, legem animatam eum mittere hominibus." Die latere spanning tusen staatsoewereiniteit en die soewereiniteit van die reg is hier reeds implisiet aanwesig: kom die reg van die heerser: *lex a rege* is die heerser van dier eg afhanklik: *rex a lege*?

47 *Codex*, 1, 14, 4: "... et re vera maius imperio est submittere legibus principiatum." In *Codex*, 6, 23, 3 word gestel dat "(l)icet enim lex imperii sollemnibus juris imperatoris solverit, nihil tamen tam proprium imperiiest, ut legibus vivere."

48 C.E. Merriam, *History of the theory of sovereignty since Rousseau*. Kitchener: Batoche Books, 2001, p. 6.

49 Merriam, *History of the theory of sovereignty since Rousseau*, p. 6.

50 A. Bezoki, "Die Lehre von der Volkssouveränität im Mittelalter", in *Historische Zeitschrift*, 36 (1876), pp. 313-367. Die reëls van *Quod principe placuit, legis habet vigorum en princeps legibus solutus* is gebruik om die onafhanklikheid van die Keiser van die Pous te verklaar: *Rex Franciae est imperator in regno suo*; *Le roi ne tient à nului, fors de Dieu et à lui* (P. Koschaker, *Europa und das römische Recht*. München/Berlyn: Biederstein Verlag, 1947, pp. 42, 77, 90).

51 Kyk bv. Dante Alighieri (c. 1265-1321), *De Monarchia*. Red. Aurelia Henry Boston. New York: Houghton, Mifflin & Co, 1904; Marsilius van Padua (c. 1340-1396), *Defensor Pacis*. Cambridge: Harvard University Press, 1920. Vgl. E.H. Bryce, *Holy Roman Empire*, London: MacMillan & Co. 1871 en E. Friedberg, *Die mittelalterlichen Lehren über das Verhältniss vor Staat und Kirche* Leipzig: Alexander Edelmann, 1874 en O. Gierke, J*ohannes Althusius und die Entwicklung der naturrechtlichen Theorien*. Breslau: Verlag M & M. Marcus, 1902.

3.2 Die Skolastieke subsidiariteitsleer

Thomas Aquinas (1225-1274) se staatsbeskouing voer die Middeleeuse sintese-denke tot 'n hoogtepunt. Uitgaande van die Aristoteliese *polis*-begrip is die individu (synde 'n redelik-sedelike wese) op die politieke gemeenskap aangewese om sy natuurlike behoeftes te bevredig. In Boek I van sy kommentaar op Aristoteles se *Ethica Nichomacheia*, stel Thomas dit as 'n "natuurlike gegewe": "The fact that man is by nature a social animal – being compelled to live in society because of the many needs he cannot satisfy out of his own resources – has as a consequence the fact that man is destined by nature to form part of a community which makes a full and complete life possible for him ... In the first place it is necessary to provide him with those things without which life itself would be impossible."[52] Die staat (sowel die *polis* as die Heilige Romeinse Ryk) verteenwoordig die alomvattende outarke gemeenskap. As *societas perfecta* is die staat sowel die hoogte samelewingsverband as die hoogste gemeenskap op die terrein van die natuur – die staat is organismies van aard en die individu is ondergeskik daaraan.[53] Die Thomis A.P. D'Entrèves verklaar: "We are clearly here faced with that 'organic' conception of the State which Gierke stressed as one of the essential features of medieval political theory: and an organic conception can only mean that the State, as the whole, is prior to its parts, that the end of the individual has no independent meaning nor value apart from the whole of which it is a part."[54] Die inkapseling van nie-staatlike sosiale entiteite deur die totalitêre staatsverband beskryf Thomas Aquinas soos volg: "Just as one man is a member of a family, so the household forms part of a city: but a city is a perfect community, as is shown in the first book of the *Politics*. Similarly, as the well-being of one man is not a final end, but is subordinate to the common good, so also the well-being of any household must be subordinate to the interests of the city, which is the perfect community. So the head of a family may make certain rules and regulations, but not such as have, properly speaking, the force of law."[55] Jeens die staat, as omvattende samelewingsverband, beskik nie-staatlike sosiale entiteite slegs oor relatiewe outonomie, soos dit tot uitdrukking kom in die beginsel van

52 Thomas Aquinas, *Selected Political Writings*. Red. A.P. D'Entrèves. Oxford: Basil Blackwell, 1965, p. 191

53 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, 1, 2, 81, 1: "secundum quod in civi[li]bus omnes, homines qui sunt unius communitatis, reuntur quasi unum corpus, et tota communitas unus homo."

54 A.P. D'Entrèves, "Introduction", in Thomas Aquinas, *Selected Political Writings*. Oxford: Basil Blackwell, 1965, p. xviii.

55 Thomas Aquinas, *Selected Political Writings*, p. 113.

subsidiariteit.[56] Binne die raamwerk van die universalistiese staat, beskik laere samelewingskringe oor geen eiestandige vryheid en geen vrye juridies intraordelike kompetensies tot regsvorming nie. Alle kompetensies van laere kringe is gedelegeerde gesag wat te alle tye deur die staats-*delegans* – as hoogste verantwoordelike entiteit – herroep kan word. Die outonomie waaroor nie-staatlike sosiale entiteite beskik is steeds *staatlike* outonomie vir sover laere gemeenskappe as onderdele van die staat funksioneer.[57] Die dele van 'n groter geheel beskik oor dieselfde struktuur as die geheel, bygevolg bly dit *staatlik* van inslag. Thomas Aquinas was 'n belangrike impetus vir Bodinus se absolutistiese staatsteorie.[58] By Aquinas is daar dus geen sprake van verskillende sosiale entiteite met eiesoortige regsvormende kompetensies, unieke gesagstrukture of struktureel unieke lewensvorme nie. Bygevolg is – soos by Aristoteles – die gesin die kweekhuis van die samelewing, die onderskeie gemeenskappe is ingesluit in 'n hiërargies piramidale synstruktuur en vertoon die onderlinge verhoudinge van gemeenskappe die aard van middel en doel, stof en vorm. As sodanig vertoon Aquinas se soewereiniteitsteorie onmiskenbare parallelle met dié van die latere regspositivis John Austin (c. 1790-1859): "This acknowledgement of a principle which, with the necessary qualifications, comes remarkably close to the modern Austinian notion of sovereignty, ought to induce reflection in the many who still repeat the old slogan that 'there was no conception of sovereignty in the Middle Ages.'"[59] Op sy beurt is die staat die allesomvattende gemeenskap van die natuurlike terrein en vorm die natuurlike onderbou van die kerk as instituut – die bonatuurlike genade-instelling.[60] Finaliter is die individu uitgelewer aan die universalistiese Aristoteliese staat sonder enige kompetensiebeperkende regte van welke aard ookal: "Men are not free in the State, although their souls are undoubtedy free: true freedom they can only attain by accepting an order of which they are not directly the makers. Men have no inalienable rights, neither of thought, nor of association, nor of

56 Kyk Thomas Aquinas, Summa Theologica, 1, 2, 90, 3; Summa Contra Gentiles, 3, 17.

57 Die enigste troos wat die individu het is dat hy/sy deel het aan die genade in Christus – die terrein van die genade wat bokant die staat verhewe is. Op die terrein van die genade vind die staat sy vervolmaking (D'Entrèves, "introduction", p. xx).

58 Kyk D'Entrèves, Selected Political Writings, p. xxv. Op p. xxviii vat D'Entrèves dit soos volg saam: "The prince (or whoever has the function of making the law: the lawgiving power may also belong to the whole community) is superior to the law from the point of view of legal experience itself – that is to say with regard to positive law."

59 D'Entrèves, "Introduction", p. xxviii.

60 Die onkritiese wyse waarop subsidiariteit in die plek van absolutsitiese soewereiniteitsteorieë geplaas word, blyk o.a. uit die neo-Thomis Jacques Maritain se artikel "The concept of sovereignty", in The American political Science Review, 44(2) (1950), p. 343.

property."[61] Met 'n staatsleer wat die staatsgeheel as 'n organiese geheel met dele beskou, wat as 'n *unitas ordinis* skerp van die aggregaat van individue onderskei word, was dit 'n klein stap vir die moderne staatsidee dat die Skolastieke Spaanse denkers Luis Molina (1535-1600) en Francisko Suarez (1548-1617) reeds aan die staat as *corpus* die soewereine gesag kon toesê.

3.3. Jean Bodinus se formulering van die moderne soewereiniteitsleer

Die moderne soewereiniteitsleer neem 'n aanvang by Jean Bodinus (1530-1596) – 'n poging om die staat van eksterne kerklike oorheersing te bevry. Soewereiniteit word gedefinieer as die oppermag oor onderdane wat deur geen wet beperk word nie.[62] In sy *Six livres de la Republique* (1576) formuleer Bodinus soewereiniteit as wesenskenmerk van die staat: Binne sy gebied is die staat soewerein; onderwerping van die staat aan 'n hoër gesag is onverenigbaar met die wese van die staat; die staatsgesag is één en ondeelbaar; in een staat kan daar slegs 'n enkele hoogste gesag wees.[63] Voorts beskik die staat oor die absolute en enigste kompetensie tot regsvorming binne sy territoriale domein. Bygevolg is die gemenebes "(t)he rightly ordered government of a number of families and of those things which are their common concern by a sovereign power".[64] As bron van die positiewe reg is die staat verhewe bo alle wetgewing. Bodinus se staatsoewereiniteitsteorie verskil van Niccolo Machiavelli (1469-1527) se leer van staatsbelang, vir sover die soewereine gesag uitdruklik aan die natuurreg en die goddelike reg gebonde is. Bodinus se oogmerk was om die belange van die staat vry te maak van die kerk.[65] Gesentreerde absolute gesag sou die gewaande redmiddel wees wat dié doel moes bereik. Hy onderskryf die Romeinsregtelike beginsel *Summa in cives ac subditos legisbusque soluta potestas*. Nie alleen is alle regsmag in die hande van die staatsverband gevestig nie, maar alle nie-staatlike sosiale entiteite is onder die staatsverband ingekapsel. Die staatlike gebondenheid aan die reg is hoogstens van morele aard.[66] Dooyeweerd vat die implikasies hiervan vir die

61 D'entrèves, "Introduction", p. xxxi.

62 J. Bodinus, *De republica libri sex*. Paris, 1586, Bk. 1, hfst. 8.

63 Dooyeweerd praat van die "monopolisering van het overheidsgesag". Kyk ook F. Meinecke, *Machiavellism: the doctrine of raison d'etat and its place in modern history.* New haven: Yale University Press, 1957, p. 59.

64 J. Bodinus, *The Six Books of a Commonwealth*. Vertaal deur I. Knolles. London: geen uitgewer vermeld, 1606, p. 1.

65 F. Meinecke, *Machiavellism*, p. 57.

66 Kyk Meinecke, *Machiavellism*, p. 161.

regs- en staatsleer soos volg saam: “Maar bovenal houdt dit laatste volgens Bodinus in *de absolute en enig oorspronklijke competentie tot rechtsvorming binnen het grondgebied van de staat.*”[67] Die implikasies vir die regsvorming is dat nie-staatlike regsvorming geen erkenning geniet nie: “De leer, dat alle positief recht zijn geldingsbron vindt in de wil van de souvereine wetgever, die zelf boven zijn wetten staat, blijkt dan in de volle zin des rechts als met de rijke structuur-verscheidenheid der sameleving in flagrante strijd is.”[68]

Ten grondslag van Bodinus se toekenning van die regsvormingsmonopolie aan die soewereine staatshoof, lê die dialektiek van die humanistiese grondmotief van natuur en vryheid. Die natuur-kante van dié motief kom tot uitdrukking in die ordenings- of beheersingsmotief. Dié motief, verklaar Dooyeweerd, behels dat “de wetenschap stelde zich in dienst van een politiek die de staat als een rationeel beheersingsinstituut wilde opbouwen na afbraak van de ongedifferensieerde feodale samenleving”. Sodanige ordening van die skepping tot ’n eenheid geskied op rasionele (oftewel matematiese) wyse, waardeur die ideaal van die vrye menslike persoonlikheid aan die mag van die staat onderwerp word.

Die Bodiniaanse soewereiniteitsleer is in die tyd van die opkoms van die nasionale staat geformuleer. Sedertdien het die moderne staatsteorie binne die konteks van Bodinus se soewereiniteitsleer beslag gekry. Enersyds was Bodinus se soewereiniteitsleer ’n verset teen die verbrokkeling van die Middeleeuse feodalisme; andersyds was dit ’n onderwerping van alle gesag aan dié van die staat. Vir Bodinus is soewereiniteit ’n oorkoepelende geheel. Die resultaat van dié soewereiniteitsleer was ’n golf van vorstelike absolutisme wat oor Europa gespoel het.

3.4 Die beliggaming van soewereiniteit in die staat

Die populariteit van Bodinus se soewereiniteitsleer het mettertyd navolging in kringe van die natuurregsdenke en sosiale kontrak-benaderings gehad. Met behulp van die impak wat die begrippe “natuurreg” en “sosiale kontrak” in die sewentiende en agttiende eeu gehad het, is verskillende organe van die staat as draers van soewereiniteit aangewys. In sy *Leviathan* het Thomas Hobbes (1588-1679) – soos Bodinus – soewereiniteit uitsluitlik aan die staatsverband toegeken. Hobbes sluit eweneens alle onregmatigheid van die staat uit: “The Sovereraign of a Common-wealth, be it an Assembly or one Man, it is not Subject to the Civill Lawes. For having power to make, and repeale Lawes, he may when he pleaseth, free himself from that

67 H. Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 5.

68 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 7.

subjection, by repealing those Lawes that trouble him, and making of new; and consequently he was free before. For he is free, that can be free when he will: Nor is it possible for any person to be bound to himselfe; because he that can bind, can release; and therefore he that is bound to himselfe only, is not bound."[69] Otto Mayer (1846-1924), som dit soos volg op: "Der Furst ist der eigentliche träger der ungeheuren Aufgabe der Verfolgung des Staatszweckes. Wäre es nach Menschennatur möglich, so würde er alles allein thun ... Den Untertanen gegenüber hat seine Macht keine rechtlichen Grenzen; was er will ist verbindlich. ... Es gibt keinen Missbrauch mehr."[70] Hobbes is voorts eksplisiet oor die feit dat die publieke geregtigheidsideaal verval – positiewe reg en geregtigheid val saam: "To the care of the Sovereign, belongeth the making of Good Lawes. But what is a good Law? By a good Law I mean not a Just Law: for no Law can be Unjust. The Law is made by the Soveraign Power and all that is done by such Power, is warranted, and owned by every one of the people; and that which every man will have so no man can say is unjust."[71]

Hobbes maak van die sosiale verdrag-konstruksie gebruik om die oordrag en *locus* van soewereiniteit te bepaal: al die individue in die staat moet op 'n rasionele wyse hul vryheid en reg onvoorwaardelik, volkome en permanent aan die "staatspersoon" oordra, "because every Subject is by this Institution Author of all the Actions, and Judgements of the Soveraigne Instituted; it followes, that whatsoever he doth, it can be no injury to any of his Subjects; nor ought he to be by any of them accused of Injustice. For he that doth any thing by authority from another doth therein no injury to him by whose authority he acteth."[72] Die soewereine staatsliggaam kan nie onregmatig jeens sy onderdane optree nie, op grond van die *mandatum* wat eersgenoemde van laasgenoemde sou ontvang het.

Die Aristotelies-Romeinsregtelike soewereiniteitsdogma het nie alleen die Engelse staatsreg deursuur nie, maar ook die Romeins-Hollandse reg grondig beïnvloed. In sy *Commentarius ad Pandectas*, stel Johannes Voet (1647-1713) die standpunt dat die *Lex regia* die mag wat aanvanklik in die volk gesetel het, aan die *princeps* oorgedra het.[73] Bygevolg kan die *princeps*

69 T. Hobbes, *Leviathan*. Red. C.B. Macpherson. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books, 1978, p. 313.

70 O. Mayer, *Deutsches Verwaltungsrecht*. Leipzig: Duncker & Humbolt, 1895, p. 38.

71 Hobbes, *Leviathan*, pp. 387-388.

72 Hobbes, *Leviathan*, p. 232.

73 Voet, *Commentarius ad Pandectas*. Apud fratres De Tournis, 1778, 1, 4, 1: "Cum lege Regia populus imperium omne ac potestatem transtulisset in Principem, non mirum fuit, idem dein eum potuisse, quod olim populus ... Et ut populus leges ferre, latas abrogare,

nie onregmatig handel nie en is hoogstens moreel aan die nalewing van die reg gebonde.[74] Volgens Hugo Grotius (1583-1645) kan regsdwang nie op die owerheid uitgeoefen word nie.[75] Simon van Leeuwen (1626-1682) beskou die staat as 'n entiteit wat nie onregmatig kan handel nie[76] omdat die *princeps* die gesaghebber is *qui supremam in Regno aut Republica habet potestatem*[77], aan geen reg onderworpe is nie en aan God alleen rekenskap verskuldig is.[78]

Die humanistiese werklikheidsbeskouing – wat aanvanklik deur die ordenings- of beheersingsmotief voortgestu is – het geen erkenning aan struktuur- en geaardheidsverskille van samelewingsinstellings gegee nie. As sodanig moes dit met die humanistiese vryheidsmotief in botsing kom. Dié konflik word deur Dooyeweerd soos volg beskryf: "Eerst met de Britse wijsgeer John Locke begint in de natuurrechtsleer een reactie tegen het absolutistische souvereiniteitsbegrip op te komen vanuit het Humanistisch vryheidsmotief."[79]

Die formeel-juridiese verdragskonstruksie waarop owerheidsoewereiniteit gebaseer was, kon nie voldoende waarborg teen absolutisme bied nie. Derhalwe soek John Locke (1632-1704) na ander meganismes om die aangebore regte en vryhede van die mens teen gesagsmisbruik deur die owerheid te beskerm. Locke ken die soewereiniteit nie aan die owerheid toe nie maar aan die volk, beperk die taak van die owerheid tot 'n blote toesighoudende funksie en ontneem die owerheid eiemagtige ingrepe in die sosiaal-ekonomiese lewe. Ter beskerming van die mens se individuele regte, maak Locke voorsiening vir 'n burgerlike of politieke gemeenskap en vervolgens die regeersgesag. Met dié doel voor oë dra elkeen sy/haar natuurlike regte aan die gemeenskap oor ten einde die algemene belang te dien.[80] Die politieke samelewing wat aldus tot stand kom, stel die wetgewende

vel quosdam jure singulari legum vinculis eximere potuit, ita quoque deinceps sanciendae tollendaeque legis arbitrium penes imperatores constitutum fuisse, nulli dubium."

74 Voet, *Commentarius ad Pandectas*, 1, 3, 15: "De caetero et divinis legibus, et naturalibus, adeoque et eis, quae dictamini rectae rationis innitentes a gentibus receptae sunt obstrictum esse in conscientia principem, licet in istas committens vulgatis sit poenis subjiciendus, sed magis Deum habiturus ultorem, non pluribus exsequar."

75 H. de Groot, *De Jure Belli ac pacis*. Oxford: Clarendon Press, 1925, 2, 14, 1; 2, 14, 6.

76 S. van Leeuwen, *Censura Forensis*. Leiden: S. Luchtmans & C. Haak, 1662, 1, 1, 3.

77 Van Leeuwen, *Censura Forensis*, 1, 1, 5.

78 Van Leeuwen, *Censura Forensis*, 1, 1, 5

79 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 11.

80 J. Locke, *Two Treatises of Civil Government*. London: Printed for Thomas Tegg, 1823, pare. 95-99; 129-130.

gesag in.[81] Dié instelling is die bron van die gemeenskapswil, "die siel" wat lewe, vorm en eenheid aan die gemenebes verleen.[82] Dit is die hoogste verteenwoordiger van die politieke samelewing waaraan dit sy oorsprong te danke het. Indien die wetgewende gesag nie in sitting is nie en 'n enkele persoon oor die uitvoerende gesag beskik, sou dié persoon in wesenlike sin as soewerein beskryf kon word.[83] Die wetgewer aan wie bepaalde magte oorgedra is fungeer slegs as trustee. Agter die wetgewende gesag staan die ware soewerein: die burgerlike of politieke samelewing wat die wetgewende gesag instel en bygevolg die politieke soewerein genoem mag word.[84]

Die radikale demokratisering van die soewereiniteitsleer bereik 'n hoogtepunt in Jean-Jacques Rousseau (1712-1778) se sosiale verdragsteorie. Direkte en absolute volksoewereiniteit by Rousseau het gevolglik die implikasie dat "op het publiek belang gerichte volkswil als *volonté générale*, zo zeer juridisch almacht, dat zelfs voor een wettelijke delegatie der rechtsvorming in niet-staatse verbanden in het geheel geen plaats overblijft".[85] Bygevolg is korporasies, omdat dit die enkeling van die publieke belang onttrek, in Rousseau se staatskonsepsie ontoelaatbaar.[86]

By die aanvang van die negentiende eeu tree 'n verdere ontwikkeling in die soewereiniteitsteorie na vore. Dié ontwikkeling betref nie soseer die inhoud daarvan nie maar wel die draer van die hoogste staatsgesag. Hierdie ontwikkeling is ook deur die Romantiek beïnvloed – 'n oorgang van die rasionalisme na die irrasionalisme wat in die sogenaamde Retourasie-tydperk sou uitmond. Volgens die nuwe Romantieke beskouing is die samelewing as 'n organiese geheel, wat deur 'n historiese proses uit die volksgees ontwikkel, beskou. Soewereiniteit word vervolgens toegeken aan die staat as verband, wat sowel die owerheid as die volk omvat. Hoewel die staatsgesag prinsipieel steeds sonder perke was, is die nuwe ontwikkeling van groot belang vir sover die reële verbandskarakter van die staat, wat deur vroeëre benaderings oor die hoof gesien is, na vore tree.

81 Locke, *Two Treatises of Civil Government*, pare. 134-151.

82 Locke, *Two Treatises of Civil Government*, par. 212.

83 Locke, *Two Treatises of Civil Government*, par. 151.

84 Daar dien op gelet te word dat Locke die terme "politieke gemeenskap", "regering", "politieke gesag" ensomeer verwarrend gebruik; kyk Locke, *Two Treatises of Civil Government*, pare. 95, 97, 98, 99.

85 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 12.

86 J.-J. Rousseau, *The Social Contract*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books, 1982, p. 73: "Thus if the general will is to be clearly expressed, it is imperative that there should be no sectional associations in the state, and that every citizen should make up his own mind for himself ..."

3.5 Die verhouding tussen die staat en die reg

Die Restourasietyd had ook 'n nuwe regsteorie tot gevolg: die reg ontwikkel deur 'n historiese proses uit die regsoortuiging van die volk. Dié benadering staan in skerpe teëstelling met die tradisionele opvatting dat die soewerein die enigste bron van die positiewe reg is. Omdat die positiewe reg nie meer 'n produk van die vrye wil van die soewereine wetgewer is nie, kon die soewereiniteitsbegrip nie langer die wesenselement van die positiewe reg wees nie. Enersyds is die soewereiniteit van die staat gehandhaaf; andersyds is die selfstandigheid van die reg erken. Bygevolg het die spanningsverhouding tussen die staat en die reg akuut geword.[87]

Teenoor die Hegeliaanse staatsteorie, het Otto von Gierke (1841-1921) die klem op die reg geplaas. Gierke hou steeds vas aan Bodinus se opvatting dat die staat soewerein moet wees. Dít staan egter in stryd met sy eie stelling dat die staat ook "een essentiële rechtelijke zijde" het.[88] Daarin kom die konflik tussen die soewereiniteitsbegrip en die leer van die volksoortuiging as enigste bron van die positiewe reg tot openbaring. Hoewel Gierke in beginsel die kompetensie tot regsvorming van die verskillende sosiale verbande erken het, kon hy egter nie die kompetensiesfere van die staat van nie-staatlike verbande afgrens nie. Sy pogings ter sintetisering van staat en reg verval in 'n onversoenlike konflik vir sover dit 'n poging is om "de souvereine staatsmacht als uitdrukking van de geen hogere macht boven zich erkennende heerserswil enerzijds, en het recht als uitdrukking van de vrije volksovertuiging anderzijds dialectisch ineen te denken".[89] Ten diepste

87 Kyk Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, pp. 13 e.v.

88 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 25.

89 O. von Gierke, *Die Grundbegriffe des Staatsrechts und die neuesten Staatsrechtstheorien*. Tübingen: Mohr, 1915, pp. 105-106: "Der Staat bedarf, um die innere Kraft zur durchführung seiner Kulturmission zu erlangen, der Unterstützung durch den Rechtsgedanken; würde er lediglich als handelnde Macht empfunden, die nur, weil sie die physische Gewalt hat, bei jedem für zweckmaszig erachteten Willensakt Gehorsam beansprucht und findet, so müszte alles politische Leben in Despotismus erstarren; und so sucht der gesunde Staat seine Macht zugleich auf das Recht zu begründen, so dasz vom gesammten Volksbewusztsein die Tatsache einer bestimmten Herrschaftsordnung zugleich als Rechtssatz empfunden wird, womit sich dann von selbst auch schranken der staatlichen Befugnisse und entsprechende rechtliche Pflichten des Staates ergeben. Das Recht umgekehrt bedarf, um sein Ziel eines geordneten Zusammenlebens der Menschen zu erreichen, der vergeltenden Hülfe des Staats; es kann, wie das beispeil des Völkerrechts zeigt, ohne den Schutz der Staatsgewalt seine Aufgabe nicht vollkommen erfüllen, bleibt vielmehr ein unvollendetes, unfertiges Recht. Uns so findet des Recht erst dann seinen Abschlusz, wenn ihm der Staat seine Macht zur Verfügung stellt, Gerichte für seine Klarstellung niedersetzt und jeden dem Recht widerstrebenden Einzelwillen zwangsweise zum Gehorsam gegen die Norm zurückführt."

was dit 'n vrugtelose poging om die onversoenbare konflik tussen natuur en vryheid te oorbrug. Hierdie dialektiese ineenskakeling van staat en reg het steeds die probleem van soewereiniteit en die reg onopgelos gelaat.

In 'n poging om die afgrensing van nie-staatlike kompetensiesfere van die staatsverband te verwesenlik, gaan Georg Jellinek (1851-1911) 'n stap verder. Hy aanvaar Bodinus se leer van staatsoewereiniteit, maar – anders as Bodinus – beskou hy die soewereiniteitsleer as 'n regsbegrip ten einde te verhoed dat die reg tot 'n blote magsproduk verval.[90] Die staat is dus ook aan die reg gebonde. Jellinek was nou met die volgende teenstrydigheid gekonfronteer: die staat is soewerein en terselfdertyd aan die reg gebonde. Jellinek neem sy toevlug tot die konstruksie van die selfbeperking van die staat as soewereine magsorganisasie. Die staat bind homself in homself aan die reg. In hierdie selfbinding bly die staat steeds soewerein, dit is aan sy eie wil gehoorsaam en dus aan geen hoër gesag onderworpe nie. Die staat word dus deur die reg beperk, maar bly terselfdertyd onbeperk en soewerein[91] – dieselfde uitgangspunt wat Rousseau ten grondslag van sy teorie van die Algemene Wil gekonstrueer het.

Die opkoms van die teorie van regsoewereiniteit verteenwoordig vordering wat die erkenning en handhawing van die regte van individue en nie-staatlike verbande teenoor die staat betref. Die beperkings op staatskompetensies was egter slegs moreel van aard vir sover selfbeperking die leidende beginsel was. Die staat as magsorganisasie is egter steeds aan geen juridiese beperkings onderhewig nie. Volgens Herman Dooyeweerd het sowel Gierke as Jellinek se standpunte grootliks skipbreuk gelei vanweë die inbreuk op die modale soewereiniteit-in-eie-kring – soewereiniteit as synde onbeperkte mag bly steeds in stryd met die regsbegrip en vorm bygevolg wat Dooyeweerd noem die onoplosbare antinomieë van reg en mag: "De souvereine 'rechtliche Macht' van de staat is in Jellinek's conceptie geen wezenlijke *rechts*macht, zij is geen intrinsiek *juridische* competensie, maar slechts een, buiten het rechtsgebied vallende, *historische* wilsmacht, die zich zelf aan rechtsgrenzen zou moeten binden."[92]

90 G. Jellinek, *Allgemeine Staatslehre*. Berlyn: O. Häring, 1914, p. 476: "Unserer Erkenntnis vom Rechte hingegen, welche dessen Existenz von dem Dasein einer es verwirklichenden Organisation abhängen läszt, zeigt die Frage, ob die das Recht verbürgende Organisation under oder über dem Rechte steht, als eines der schwierigsten Probleme der Gesamten Staatslehre."

91 Kyk Jellinek, *Allgemeine Staatslehre*, pp. 477 e.v.

92 Dooyeweerd, De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip, p. 31.

3.6 Die leer van regsoewereiniteit

Die aangeduide problematiese verhouding tussen staat en reg, die relativering van die staatsgesag in die praktiese lewe en die ontplooiende differensiëring van die samelewing waardeur die nie-staatlike samelewingsverbande sterk op die voorgrond tree, het die tradisionele soewereiniteitsbegrip onhoudbaar gemaak. Die herformulering van die tradisionele soewereiniteitsteorie sou drie vorme – almal geskoei op die lees van die erkenning van die onpersoonlike regsorde as soewerein – aanneem: Eerstens die volksregteorie van Krabbe; tweedens die logisistiese stroming, en derdens die regsosiologiese rigting.

Die volksregteorie van Hugo Krabbe (1857-1936) vind aansluiting by die Historiese Skool: alle reg groei uit die volk se regsbewussyn; alle mag word uit die reg afgelei en sodoende word onderdaansvryheid gehandhaaf.[93] In wese behels dit slegs dat die irrasionalistiese volksregteorie van die Historiese Skool in die rasionalistiese natuurregteorie van die volksoewereiniteit omgeskakel is en die heerskappy van die meerderheidsprinsipe wesentlik dieselfde konstruksie as die Algemene Wilsteorie van Rosseau behels.[94] Die grondslag van dié teorie – die leer van die regsgevoel of regsbewussyn van volksgenote as enigste materiële bron van die reg – wat deur Krabbe juis teen die tradisionele soewereiniteitsbegrip gerig was, word later omgeskakel na die tradisionele prinsipe van die demokratiese natuurreg: die heerskappy van die meerderheidsbeginsel.[95] Die logisistiese stroming met sy uitskakeling van alle nie-juridiese gesigspunte is veral deur Hans Kelsen (1881-1973) met sy "reine Rechtslehre" ontwikkel,[96] terwyl die regsosiologiese benadering die positiewe reg as 'n algemeen maatskaplike verskynsel bejeën het en nie as uitvloeisel van die wil van die soewerein beskou het nie.[97]

Die kumulatiewe uitwerking van die regsoewereiniteitsontwikkelinge was dat die staat as oorkoepelende, soewereine verband deur die idee van 'n soewereine, oorspronklike regsorde verdring is. Veral die regsosiologiese benaderings van Léon Duguit (1859-1926) en Georges Gurvitch (1894-

93 Krabbe, *Die Lehre der Rechtssouveränität*. Groningen: J.B. Wolters, 1906, p. 193.

94 Kyk H. Krabbe, *De Moderne Staatsidee*. Haag: M. Nijhoff, 1919, pp. 10 , 232.

95 Vgl. Krabbe, *Moderne Staatsidee*, pp. 50 e.v.

96 Die staat is bygevolg – soos elke ander sosiale verband - slegs as 'n normatief-*juridiese* eenheid te vat wat opgelos word in 'n logiese sisteem van *regswette*, wat in die tradisionele begrip van die *staatspersoon* uitgedruk word. Vgl. Dooyerweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 35. Kyk ook H. Dooyeweerd, *De Beteekenis der Wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsphilosophie*. Kampen: J.H. Kok, 1926, p. 26.

97 Kyk H. Batifol, *La philosophie du droit*. Parys: Presses universitaires, 1970, p. 35 e.v. vir 'n oorsig oor die standpunte van die sosiologiese skool.

1965) het belangrike bydraes tot dié ontwikkeling gelewer. Die sosiologiese vorm van die leer van regsoewereiniteit het onder invloed van die agttiende-eeuse ekonomiese teorie ontwikkel en vanweë die impak van John Locke se staatsteorie, met die meegaande onderskeid tussen staat en burgerlike maatskappy, beslag gekry. Ook die positivistiese sosiologie het die staat as deel van die omvattende burgerlike maatskappy beskou. Die implikasies van dié ontwikkelinge was dat indien die regsisteem soewerein is, dan sou dit juridies almagtig wees; dan kon geen enkele oorspronklike kompetensiesfeer naas dié van die staat erkenning geniet nie; dan word alle reg in die staatsreg opgeneem en word alle regsvormende organe *staats*organe.

Léon Duguit het die oortuiging gehuldig dat die owerheid geen "reg" op gehoorsaamheid het nie, nie oor bevoegdhede tot regsvorming beskik nie en dat die staat bloot die uitdrukking van magsverhoudinge tussen sterkere en swakkere individue is. Die bindende krag van die reg ontspring uit die wil van diegene wat dit maak – dít staan in spanning met die standpunt wat hy elders verkondig dat die gemeenskap waar persone hul bevind die verpligting oplê om regsnorme na te leef. Vir Duguit is die reg slegs die objektiewe uitdrukking van die sosiale solidariteit. In primitiewe samelewings dra dit 'n meganiese karakter (as "solidarité par similitude") en in gedifferensieerde samelewings 'n organiese karakter (in die vorm van "solidarité par division du travail"). Die soewereiniteit van die "droit social", was volgens Duguit se uiteensetting niks anders is as 'n samestelling van sosiaal-ekonomiese en sedenorme ("moeurs"), wat met die oog op die oorwegende belang ter instandhouding van die maatskaplike solidariteit in die regsgevoel van die individue tot die hoogste trap van sosiale norm, tot *regs*norm verhef word. Dit blyk dan neer te kom op die volledige verdringing van die klassieke burgerlike privaatreg en publiekreg.[98]

Ook Gurvitch het homself op die grondslag van die sosiale verskeidenheid van regskringe gestel. Die taak van die staat is die harmonisering van die veelheid van regstrukture.[99] Vir Gurvitch is die soewereiniteitsprinsipe uit sowel sosiologiese as juridiese en politieke oogpunt onmisbaar. Van sosiologiese en juridiese hoek beskou moet daar 'n soewereine regstruktuur ter harmonisering van die verskillende besondere regstrukture, wat met mekaar in botsing kom, bestaan. Uit staatkundige hoek beskou, moet die staat politieke soewereiniteit hê. Alle sosiale mag is 'n funksie van die sosiale

98 Kyk L. Duguit, *Traité de droit constitutionnel*. Paris: E. de Boccard, 1927, pp. 89 e.v.

99 Kyk G. Gurvitch, *L'idée du droit social*. Paris: Recueil Soreij, 1932; *L'expérience juridique et la philosophie pluraliste du droit*. Parys: Pedone, 1935; *Sociology of Law*. New York: Philosophical Library, 1942.

regsorde waarbinne dit uitgeoefen word: “That is why sociological analysis leads to the conclusion that the fundamental problem of sovereignty is that of law.”[100] Vir dié doel onderskei hy tussen relatiewe en absolute soewereiniteit: eersgenoemde is die bevoegdheid wat alle samelewingskringe (ingesluit die staat) oor hul eie interne reg het; absolute soewereiniteit berus by die omvattende nasionale volks- en internasionale volkeregemeenskap. Deur die volksgemeenskap as deel van die volkeregemeenskap op te vat, het Gurvitch by die Historiese Skool aangesluit, maar hy verbreed dit tot ’n universalistiese konsepsie van regsoewereiniteit. Die staat beskik dus oor politieke soewereiniteit - die monopolie van dwangmatige gesag binne sy grondgebied – as ’n spesiale funksie wat dit ten behoewe van die hoër orde van die volks- en volkeregemeenskap moet uitvoer. Die staat beskik dus oor geen absolute soewereiniteit nie en funksioneer binne die groot universele regsorde. Dooyeweerd beskryf dit as “de toekenning van de absolute soevereiniteit aan de inderdaad ‘mystieke’ rechtsorde ener ongrijpbare supergemeenschap”.[101] By vergelyking van Gurvitch se teorie met dié van Duguit, is eersgenoemde se bate dat hy die aandag op die onderlinge verhoudinge en bevoegdhede van die onderskeie lewenskringe vestig omdat dit inderdaad tot die kern van die soewereiniteitsvraagstuk behoort. Gurvitch se nadeel is dat hy deur die dialektiese grondmotief van natuur en vryheid beheers word en gevolglik nie voldoende vir die onderling onherleibare modale strukture van die onderskeie aspekte in die teoretiese werklikheidsbeeld ruimte laat nie. Dié gebrek kan slegs oorkom word deur ’n integraal-kritiese stellingname wat die onherleibare aspekte-verskeidenheid van die werklikheid eerbiedig en ’n normatiewe blik op die geheel van individuele en sosiale strukture in die menslike leefhorison handhaaf. Gurvitch se regsosiologie het, uitgaande van ’n romantieke volkskonsepsie, sy konsekwente universalistiese voortgang gekry en ingepas binne ’n aktivistiese lewensfilosofie wat onder meer uit die Romantiek van die Restourasietyd sy geestelike lewenskrag geput het.[102]

100 Gurvitch, *Sociology of Law*, p. 198.

101 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 47.

102 In sy *L'expérience juridique*, p. 136, merk Gurvitch op: “On voit donc que le rôle que attribue au droit spontané et inorganisé dans la construction de la démocratie n'implique aucune croyance romantique dans la valeur particulière dece droit, qui peut être bon au mauvis comme tout autre droit empirique et qui n'a ainsi rein à voir avec le droit naturel.”

4. Herman Dooyeweerd en die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring

Die historiese ontplooiing van die soewereiniteitsvraagsuk illustreer die wisselende lotgevalle van verheffing van die staat of ander samelewingsverbande, die gebrek aan kritiese insig in die interne aard en funksionering van die onderskeie samelewingsverbande en die onvermoë om tot 'n diepte-insig in die normatiewe eie-geaardheid van die veelheid en verskeidenheid van samelewingstrukture te kom.[103] Die verheffing van een verband tot opperste soewerein en bekleding daarvan met oppergesag kom onvermydelik in botsing met die innerlike struktuur-prinsipes van ander verbande.[104] Die dialektiek van reg en staatsoewereiniteit in die geskiedenis van die staatsfilosofie is deur Herman Dooyeweerd (1894-1977) in die lig van die onderliggende grondbeginsels ondersoek. Dooyeweerd formuleer die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring, synde 'n universele kosmologiese beginsel gegrond in die werklikheidsorde, soos volg: "Want zij is de uitdrukking van de souvereine Goddelijke Schepperswil en Schepperswijsheid, die alles naar zijn aard geschapen en in de tijd vaste structurele grenzen gesteld heeft."[105] Voorts tipeer Dooyeweerd die staat as "een institutaire publiekrechtelijke gemeenskap van overheid en onderdanen op de historische grondslag van een monopolistische organisastie van de zwaardmag op een territorium."[106] Dooyeweerd se tipering behels dat hoewel die staat op die substraat van historiese vormgewing gefundeer is, daar 'n noue verband tussen die funderings- en bestemmingsfunksie van die staat bestaan. Dooyeweerd se tipering bring die soewereiniteit van die staatsverband direk met die vraagstuk van gesag en mag in verband. Dit handel hier om die *wesenlike* van die staat.[107]

Dooyeweerd se leer van soewereiniteit-in-eie-kring vereis kennis van sy wysgerige aanpak en kritiese onderskeiding van die kosmiese wetsorde.[108]

103 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, pp. 50 e.v.

104 Vgl. H. Dooyeweerd, "Sociology of law and its philosophical foundations", ongepubliseerde voordrag, s.j., p. 1 e.v. Hy wys op die verwarring van die tipiese intrinsieke aard van die spesifieke samelewingsfere met die veranderlike sosiale vorme waarin die interne struktuurprinsipes tot gelding gebring en verwesenlik moet word.

105 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 51.

106 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 54.

107 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, pp. 54 e.v.

108 Kyk H. Dooyeweerd, "The contest about sovereignty in modern jurisprudence and political science", rektorale rede, gelewer by geleentheid van die 70ste herdenking van die Vrye Universiteit, 20 Oktober 1950.

Die hele kosmos staan onder gelding van 'n veelheid van wette wat volgens soorte in sfere onderskei word. Elke aspek van die werklikheid het 'n tipiese individualiteitstruktuur wat nie tot andere herleibaar is nie en wat deur spesifieke wette beheers word. Tog staan die veelheid in 'n onverbreeklike samehang tot mekaar. Voorts het elke samelewingskring sy eie modale sin-kern, wat die onherleibaarheid van die betrokke kring waarborg. Elke samelewingsverband beskik oor 'n eie oorspronklike kompetensiesfeer en is as sodanig soewerein in eie kring.[109]

Die staat beklee hier geen uitsonderingsposisie nie. Die staat – soos die reg – beskik derhalwe ook oor soewereiniteit-in-eie-kring. Om die soewereiniteit van die staat te bepaal, moet op die tipiese bestemmingsfunksie gelet word. Die bestemmingsfunksie is in die juridiese sfeer geleë en derhalwe kan die staatlike regsvorming nooit "door een typisch buitenrechtelijke bestemmingsfunksie" gekwalifiseer word nie.[110] Die staat is dus slegs soewerein vir sover dit op die bestemmingsfunksie gestelde terrein van staatlike kompetensies beweeg. Die regsmag van die staat vertoon dus 'n unieke karakter vir sover dit die terrein van die interordelike regshandhawing behels.[111] In geen ander samelewingsverband dra die regsmag dié tipiese staatlike karakter nie.[112] Die uitwerking van die leer van soewereiniteit-in-eie-kring is dat absolute soewereiniteit aan geen individuele verband toekom nie, maar dat elke verband oor soewereiniteit beskik ter verwesenliking van sy bestemming.

5. Slot en samevatting

Vir doeleindes van die diskoers met politokratiese kommuniarisme word voorlopig met twee stellings volstaan: eerstens: die Aristoteliese soewereiniteitsbegrip kan geen skanse teen verstaatliking, politieke absolutisme en outoritêre staatsoptrede opwerp nie; geen kompetensie-beperkinge word die staat se gesag opgelê nie en die staatsorde word in die *polis* as omvattende politieke maghebber saamgetrek. In *Afrikaanse Filosofie*, verklaar Goosen dat hy 'n ondersteuner is van die "bevordering van die inspraak van gemeenskappe in hul eie instellings en dat voorspraak vir die beginsel van subsidiariteit deurgaans 'n belangrike rol speel".[113] Hy gaan

109 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, pp. 51 e.v.

110 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 54.

111 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 54.

112 Dooyeweerd, *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip*, p. 54.

113 Duvenage, *Afrikaanse Filosofie*, p. 247.

voort: "Laasgenoemde (subsidiariteit) sê dat die gemeenskappe soveel as moontlik inspraak in eie sake behoort te hê, en dat hulle slegs dié magte behoort af te staan waaroor hulle nie kan beskik nie. As sodanig kan hulle 'n wonderlike hulp (*subsidium*) vir die geheel wees – weer eens die tema van die geheel en die dele. Ten grondslag van hierdie tradisionele denkbeelde lê die gedagte dat die politieke geheel as 'n *gemeenskap van gemeenskappe* verstaan moet word, en nie bloot as 'n kontrak van vryswewende individue nie."[114] Kenmerkend van dié wollerige en vormlose begripsaanwending is dat geen verduideliking gegee word hoe dit moontlik is dat gemeenskappe deel van die staatsgeheel uitmaak en terselfdertyd *nie-staatlik* van inslag kan wees nie. Voorts beteken subsidiariteit nie dat die staat gedelegeerde bevoegdhede van ander samelewingsnorme ontvang nie. By implikasie sou dít beteken dat die staat deel van die gesin, kerk of skool sou uitmaak en geen staat bestaan nie. Subsidiariteit is 'n delegasie-beginsel ingevolge waarvan die staat (die "gemeenskap van gemeenskappe") aan nie-staatlike samelewingskringe bepaalde funksies en take uitdruklik of by wyse van vergunning delegeer – die staat is dus *delegans* en die niestaatlike entiteite is die gedelegeerdes – júís omdat nóg die politieke gemeenskap nóg die nie-staatlike gemeenskappe oor strukturele perke, normatiewe kompetensiebeperkings en eiestandige vryheid beskik. Sowel die "gemeenskap van gemeenskappe" as die "gemeenskappe" is vorm- en struktuurlose "vryswewende" entiteite wat deur mag hulself verskans, beskerm of daardeur ten gronde gaan. In beginsel is Goosen se politieke gemeenskap 'n konflikmodel van "groteske" proporsies! Aristoteles verduidelik eksplisiet die implikasies van sy *polis*-begrip: die staat as politieke *gemeenskap van gemeenskappe* kan ongebore kinders desnoods deur gedwonge aborsies uitwis, verpligte maaltye vir onderdane voorskryf en eutenasie verpligtend maak.[115]

Tweedens: politokratiese kommunitarisme se beskouing van die politieke gemeenskap is nominalisties, berus op ongepresiseerde begrippe, toon 'n wesenlike gebrek aan deurgronding van die soewereiniteitsproblematiek en probeer 'n nominalisteise onderskeid tussen staat en politieke gemeenskap opwerp ter verbloeming van die staatsabsolutisme aan die wortel van sy Aristotelies-metafisiese universalisme. In Koos Malan se *Politokrasie*, lees ons: "Vir Bodin is soewereiniteit, wat in die staatsowerheid – die vors – setel, die hoogste mag onder God. Soewereiniteit is die sleutel tot die bekamping

114 Duvenage, *Afrikaanse Filosofie*, p. 247. My beklemtoning (AWGR).

115 Kyk A.W.G. Raath, "Regsfilosofiese implikasies van meta-etiese historisme. Kritiese opmerkings oor politokratiese kommunitarisme", in *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 2016(4), pp. 622-639; "Politokrasie, nihilisme en organismiese biopolitiek", in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 3de kwartaal, 2016(3), pp. 81-115.

en beheer van *middelpuntvliedende kragte* wat die voortbestaan van die staat bedreig. Soewereiniteit is die fundamentele bestaansvoorwaarde vir die staat."[116] Van subsidiariteit skryf hy: "Daar is twee beginsels wat volgens 'n politokratiese sienswyse die toedeling van regeringsgesag reël: eerstens is daar die beginsel van *subsidiariteit* en selfregering, en tweedens, die beginsel van korreksie"[117] en "(a)angesien soewereiniteit ingevolge 'n politokratiese sienswyse nêrens uitsluitlik op een plek setel nie – ook nie in 'n tuistelike regering nie – kan 'n tuistelike regering van buite gekorrigeer word".[118] Vir Malan verteenwoordig Bodinus se soewereiniteitsbegrip 'n hoogtepunt in die verval van die Aristoteliese politieke gemeenskap. Daarteenoor propageer hy die Thomistiese subsidiariteitsleer.[119] Hierin lê 'n tweevoudige ironie opgesluit: eerstens was Bodinus se soewereiniteitsbegrip 'n blote verlengstuk van die Skolastieke samelewingsfilosofie; tweedens staan Malan se samelewingsbeskouing op dieselfde voet as dié van Bodinus. Soos vroeër aangetoon het die Romeinse leerstuk van *Princeps legibus solutus est* vir Bodinus se soewereiniteitsbegrip handig te pas gekom en het hy nuwe stukrag aan dié beginsel gegee. Uitgaande van die beeld – reeds deur Plato en Aristoteles gebruik – dat die hoof van 'n gemenebes aan wie gehoorsaamheid betoon moet word as enigste gesaghebber vergelyk kan word by 'n stuurman aan boord van 'n skip, leer Bodinus dat die uitsluitlike diskresie van die regeerder moet wees soos die stuur van die skip in die hande van die stuurman. Die alleenreg op die terrein van regsvorming wat oorspronklik in die absolutistiese Bisantynse tyd deur die Romeinse Keisers uitgeoefen is, is as uitvloeisel van Bodinus se soewereiniteitsleer tot wesenskenmerk van elke staat wat met die owerheid vereenselwig is, geproklameer. In die derde boek van Bodinus se *Six livres de la Republique*, maak Bodinus vir families, korporasies, assosiasies en gildes voorsiening wat *binne* sy absolutistiese staat funksioneer vir sover hulle by wyse van *vergunning* geduld word. Die norm vir dié vergunning is uitsluitlik pragmaties en doelmatig – soortgelyk aan die toepassing van die subsidiariteitsbeginsel deur Goosen en Malan: "Having dicussed the family and its members, sovereign powers and magistrates, let us now consider

116 Malan, *Politokrasie*, p. 67. My beklemtoning (AWGR).

117 Malan, *Politokrasie*, p. 289.

118 Malan, *Politokrasie*, p. 289.

119 Kyk E. Schuurman se tipering van die subsidiariteitsleer as synde wesenlik organiese denke: "(H)et denken waarin je spreekt over de opbouw van de samenleving als vanuit delen naar gehelen toe. Dat organisch denken is inderdaad een zwakte van de subsidiariteit" (A. Rouvoet, *Reformatorische Staatsvisie*. Nunspeet: Marnix van St. Aldegonde Stichting, 1992, p. 152).

corporations, associations and guilds beginning with their origins, proceeding to their powers and privileges and concluding by deciding whether their existence is *dispensible to the commonwealth*."[120] Absolutistiese regsmag is nie onversoenbaar met delegasie by wyse van vergunning van bepaalde magte aan ondergeskikte sosiale entiteite nie. By sy regverdiging van die korporatiewe lewe van die gemeenskap, verklaar Bodinus: "All the inhabitants of a village, a district, or a province have the right of association and can, together with the guilds and communities assemble as Estates. Each of these can have its particular regulations, statutes and privileges." Hieraan voeg hy sy absolutistiese staatsfilosofiese beginsels toe: "We can therefore say that a corporate association or a guild is a legal right of communal organization, subject to sovereign power. The word legal implies that it is authorised, by the sovereign, for without his permission no guild can be instituted." Met verrassende instemming verwys Bodinus na die korporatiewe instellings van die antieke Grieke en Romeine en die erkenning daarvan in sy eie tyd: "Nowadays this is better observed among the Swiss than any other people in the world. In every town the fraternities and craft guilds have their guildhalls where they hold frequent banquets and festive meetings. The smallest village never lacks a communal hall for such purposes."[121] Malan (en Goosen) se "tusseninstellings" en "tuistelike gemeenskappe" staan en funksioneer op dieselfde voet as Bodinus se korporatiewe gemeenskappe. Aangaande die regte en voorregte van die korporasies skryf Bodinus: "Each of these can have its particular regulations, statutes and privileges. We can therefore say that a corporate association or a guild is a legal right of the communal organization, *subject to sovereign power*."[122] Die woord "wettig" beteken vir Bodinus dat die korporasies deur 'n vors gemagtig is en dat dit 'n grondwet van sy eie besit.[123] Bodinus bedien homself van verstommend ooreenstemmende argumente as politokrate om die staatlike soewereiniteit verkoop te kry – die gesag van korporatiewe instellings *behoort* deur korporatiewe instellings (politokrasie: "tuistelike gemeenskappe") uitgeoefen te word: "If the college is one of vicious men, the correction of their own vices should not be left to them. But if they are upright men there is no doubt that colleagues are better judged by the college than by other judges. There are imponderable values in each college which cannot be properly understood or judged except by the members of that body, moreover this reinforces the bond of union among the

120 J. Bodin, *The Six Books of a Common Weale*. Vertaal deur by Richard Knolles,. Lodon: geen uitgewer vermeld, 1606, Bk. III, p. 361. Beklemtoning AWGR.

121 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p. 362.

122 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p. 365. Beklemtoning AWGR.

123 Bodin, *Six Books of the Commo Weale*, p. 365.

colleagues. For this reason the Emperor Adrian permitted a Roman Senator only to be tried by the senate."[124] Selfs die *intraordelike gesag* van dié "tussengemeenskappe" is absolutisties van inslag: "The majority considered as a corporate whole, still more the entire college, cannot be bound by their own statutes, any more than can the Prince by his own law, the Testator by his own Will or private individuals by their contracts, since they can be dissolved by common consent."[125] Die bestaan van korporatiewe entiteite is nie onversoenbaar met staatsoewereiniteit nie omdat beide binne 'n amorfe en struktuurlose gemeenskapsbegrip (soos by politokrasie) ingesluit word – op die keper beskou word alles deur "gemeenskap" regverdig: "So to ask whether communities and corporate associations are necessary to the Commonwealth, is to ask if the Commonwealth can subsist without fellowship, which even the world itself cannot do. I insist on this point because there have been those who think that corporate associations and guilds ought to be prohibited, forgetting that the family and the commonwealth itself are nothing but communities."[126] Die mate waartoe die soewereine gesag die mag het om te bepaal welke "gemeenskappe" vir sy politieke doeleindes voordelig, pragmaties geskik en doelmatig is, blyk uit Bodinus se volgende opmerkings: "But it is also dangerous to permit all sorts of assemblies and fraternities whatsoever. They are often a cover for conspiracies and illicit monopolies, of which we have had only too many examples. This is the reason why it has been found necessary from time to time to abolish fraternities, by express edict, though such edicts have been very ill-observed. It is better, however, to get rid of abuses only, rather than root out good and bad alike."[127]

In sy *Die Nihilisme*, het Danie Goosen politokrate metafories vergelyk by Prins Kaspian, die "jong prins van Narnia" wat in C.S. Lewis se *Kronieke van Narnia*, sy "magiese blaashoring" (politokrasie) gebruik om "in die aangesig van oorweldigende magte" die opposisie die vyand (synde "nihilisme") te verslaan.[128] In die lig van die voorgaande is die goedbedoelde advies: Indien u dié getrompetter hoor, maak seker dat u die ware vyand identifiseer! Die

124 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p. 367. Bodinus beroep hom op o.a. Aristoteles en Polybius ter regverdiging van sy absolutistiese standpunte: "And so, having compared the arguments of Aristotle, Polybius, Dionysius [of Halicarnassus], and the jurists – with each other and with the universal history of public affairs – I find that supremacy in a commonwealth consists of five parts" (J.H. Franklin, *Jean Bodin and the Rise of Absolutistic Theory*. Cambridge: Cambridge University Press, 1973, p. 32.

125 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p. 368.

126 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p.369.

127 Bodin, *Six Books of the Common Weale*, p. 383

128 Goosen, *Die Nihilisme*, p. 17

deuntjie is nuut, die blaashoring antiek, maar die melodie steeds vals! Die mees verrassende: politokrate is uiteindelik tog bodiniane!

Bibliografie

ALTHUSIUS, J. 1614. *Politica Methodicè Digesta*. Herborn: Geen uitgewer vermeld.

ARISTOTELES. 1921. *Politica*. Vertaal deur B. Jowett. Oxford: Clarendon Press.

BATIFOL, H. 1970. *La philosophie du droit*. Paris: Presses universitaires.

BEZOKI, A. 1876. Die Lehre von der Volkssouveränität im Mittelalter, in *Historische Zeitschrift* 36, pp. 313-367.

BODINUS, J. 1586. *De republica libri sex*. Paris: Geen uitgewer vermeld.

BODINUS, J. 1606. *The Six Books of the Common Weale*. Vertaal deur I. Knolles. London: Geen uitgewer vermeld.

BRYCE, E.H. 1871. *Holy Roman Empire*. London: MacMillan & Co.

DANTE ALIGHIERY. 1904. *De Monarchia*. Red. A.H. Boston. New York: Houghton, Mifflin & Co.

DE GROOT, H. 1925. *De Jure Beli ac pacis*. Oxford: Clarendon Press.

DOOYEWEERD, H. 1926. *De Beteekenis der Wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsphilosophie*. Kampen: J.H. Kok.

DOOYEWEERD, H. 1950. The contest about sovereignty in modern jurisprudence and political science, rektorale rede, gelewer by geleentheid van die 70ste herdenking van die Vrye Universiteit, 20 Oktober 1950.

DOOYEWEERD, H. 1950. *De Strijd om het Souvereiniteitsbegrip in de Moderne Rechts- en Staatsleer*. Amsterdam: H.J. Paris.

DOOYEWEERD, H. 1962. *Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

DOOYEWEERD, H. 1969. *A New Critique of Theoretical Thought*. Dl. 3. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

DOOYEWEERD, H. S.j. Sociology of law and its philosophical foundations. Ongepubliseerde voordrag.

DUGUIT, L. 1927. *Traité de droit constitutionnel*. Paris: E. de Boccard.

DUVENAGE, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie. Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun MeDia.

FRANKLIN, J.H. 1973. J*ean Bodin and the Rise of Absolutistic Theory*. Cambridge: Cambridge University Press.

FRIEDBERG, E. 1874. *Die mittelalterlichen Lehren über das Verhältniss von Staat und Kirche*. Leipzig: Alexander Edelmann.

GIERKE, O. von. 1902. *Johannes Althusius und die Entwicklung der naturrechtlichen Theorien*. Breslau: Verlag M. & M. Marcus.

GIERKE, O. von. 1915. D*ie Grondbegriffe des Staatsrechts und die neuesten Staatsrechtstheorien*. Tübingen: Mohr.

GOOSEN, D. 2007. *Die Nihilisme*. Dainfern: Uitgewery Praag.

GOOSEN, D. 2015. *Oor Gemeenskap en Plek. Anderkant die onbehae*. Pretoria: FAK.

GURVITCH, G. 1932. *L'idée du droit social*. Parys: Recueil Soreij.

GURVITCH, G. 1935. *L'expérience juridique et la philosophie pluraliste du droit*. Paris: Pedone.

GURVITCH, G. 1942. *Sociology of Law*. New York: Philosophical Library.

HOBBES, T. 1978. *Leviathan*. Red. C.B Macpherson. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

JELLINEK, G. 1914. *Allgemeine Staatslehre*. Berlin: O. Häring.

KNIGHT, K. 2007. *Aristotelian Philosophy. Ethics and Politics from Aristotle to MacIntyre*. Cambridge: Polity Press.

KOSCHAKER, P. 1947. *Europa und das römische Recht*. München/Berlin: Biederstein Verlag.

KRABBE, H. 1906. *Die Lehre der Rechtssouveränität*. Groningen: J.B. Wolters.

KRABBE, H. 1919. *Die Moderne Staat*. Haag: M. Nijhoff.

LOCKE, J. 1823. *Two Treatises of Civil Government*. London: Printed for Thomas Egg.

MACINTYRE, A. 1988. *Whose Justice? Which Rationality?* Notre Dame, Indiana: University of Notre Dame Press.

MAYER, O. 1895. *Deutsches Verwaltungsrecht*. Leipzig: Duncker & Humbolt.

MALAN, K. 2011. *Politokrasie*. Pretoria: PULP.

MARITAIN, J. 1950. The concept of sovereignty, in *The American Political Science Review* 44(2), p. 343.

MARSILIUS VAN PADUA. 1920. *Defensor Pacis*. Cambridge: Harvard University Press.

MEINECKE, F. 1957. *Machiavellism: the doctrine of raison d'etat and its place in modern history*. New Haven: Yale University Press.

MERRIAM, C.E. 2001. *History of the theory of sovereignty since Rousseau*. Kitchener: Batoche Books.

NISBET, R.A. 1962. *Community and Power*. New York: Oxford University Press.

NISBET, R.A. 1980. *History and the Idea of Progress*. London: Heinemann.

PUCHTA, G.F. [1841] 1856. *Cursus der Institutionen*. Leipzig: A.E. Rudorff.

RAATH, A.W.G. 2016. Regsfilosofiese implikasies van meta-etiese historisme. Kritiese opmerkings oor politokratiese kommunitarisme, in *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* (4), pp. 622-639.

RAATH, A.W.G. 2016. Politokrasie, nihilisme en organismiese biopolitiek, in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 3de kwartaal, pp. 81-115.

ROUSSEAU, J.-J. 1982. *The Social Contract*. Harmondsworth: Middlesex; Penguin Books.

ROUVOET, A. 1992. *Reformatorisch Staatsvisie*. Nunspeet: Marnix van St. Aldegonde Stichting.

RYAN, A. 1980. *The philosophy of the social sciences*. New York: Pantheon Books.

STRAUSS, D.F.M. 1988. *Die grondbegrippe van die sosiologie as wetenskap*. Pretoria: RGN.

STRAUSS, D.F.M. 2009. *Philosophy. Discipline of the disciplines*. Grand Rapids, M.I.: Paideia Press.

THOMAS AQUINAS. 1965. *Selected Political Writings*. Red. A.P. D'Entrèves. Oxford: Basil Blackwell.

VAN DER POT, C.W. 1977. *Handboek van het Nederlandsch Staatsrecht*. 10de druk. Red. A.M. Donner. Zwolle: Tjeenk Willink.

VAN LEEUWEN, S. 1662. *Censura Forensis*. Leiden: S. Luchtmans & C. Haak.

VAN PRINSTERER, G. 1862. *Ter Nagedachtenis van Stahl*. Amsterdam: H. Höveker.

VOET, J. 1778. *Commentarius ad Pandectas*. Apud fratres De Tournis.